

Donderdag 8 Maart

Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:13-17

Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:13, 15

Doen goed, selfs in 'n hooplose wêreld!

Ons belewe tans besonder moeilike tye in Suid-Afrika. As gelowiges wonder ons hoe ons moet optree in 'n gebroke wêreld, veral teenoor die owerhede wat oor ons gestel is wat nie hulle Godgegewe verantwoordelikhede nakom nie (lees gerus Art. 36 van die Ne-derlandse Geloofsbelydenis). Dinge soos bedrog, korrupsie en selfverryking is aan die orde van die dag.

Vir Petrus, die skrywer van hierdie brief, is die beginsel wat deurgaans geld die *wil van die Here*. “Omdat die Here dit wil, moet julle jul onderwerp aan elke menslike owerheid” (vs 13), en: “Dit is die wil van die Here dat julle deur goed te doen, 'n einde sal maak aan die kwaad wat mense sonder begrip uit onkunde praat” (vs 15). Die eis is duidelik. Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is. Die owerhede wat daar is, is daar deur die beskikking van God (Rom. 13:1).

Onthou: Petrus gee in sy brief riglyne vir die gelowiges wat in Klein-Asië vreemdelinge en bywoners is (vgl. vorige oordenking), mense sonder burgerskap en politieke regte. Hulle het geen regte om hulle op te beroep nie. Hulle moet hulle lig in 'n hooplose wêreld laat skyn deur “goed te doen” (vs 15), deur te lewe as hoopvolle, heilige priesterdom in 'n hooplose wêreld!

Daar is dus twee dinge waaraan ons ons optrede teenoor die wêreld moet toets:

- “Die wil van die Here.” Dit is die wil van die Here om ons deur owerhede te laat regeer.
- Deur “goed te doen”. Moenie kwaad met kwaad beantwoord nie, maar beantwoord die kwaad deur goed te doen.

So kan ons as verlostes in Jesus Christus verkondigers van God se wil wees in 'n donker wêreld en so 'n positiewe bydrae in 'n hooplose wêreld lewer. Uiteindelik, met die wederkoms van Jesus Christus, sal alle aardse owerhede verdwyn en sal al Gods kinders rondom sy troon geskaar wees, waar ons tot in ewigheid sy wil sal doen!

Sing: Psalm 31:1, 3 (1936)

Ds. PJ (Pieter) van der Walt (Emeritus)